

**Sing vooraf staande: Psalm 115:1, 8 (p. 564)**

- 1 Nie aan ons, o troue God, / aan u Naam alleen gee eer!  
Waarom sou die nasies spot / as hul oor ons triomfeer?  
Om u goedheid, wees nie stil! / Red ons om u trou ontwil!
- 8 Hy sal seën wie Hom vrees, / groot en klein wat op Hom wag;  
ja, Hy sal hul allermees / seën in hul nageslag.  
Hy wat spreek, en 't het geskied, / sal sy seen oor hul gebied.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 89:1, 7 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.  
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.  
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Gebed

**Psalm 32:1, 6 (p. 151)**

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,  
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

**Skriflesing:** Romeine 4:1-25; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 23

**Kernvers:** Romeine 4:5-8

**Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vrypraak deur sy geloof. So sê ook Dawid dat dié mens geseënd is wat deur God vrygespreek word buite wetsonderhouding om:**

**“Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word. Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.”**  
(Romeine 4:5-8 AFR83)

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

**Artikel 23**

**Ons geregtigheid voor God**

*Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Ps 32:2 en Rom 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom 3:24). Ons hou daarom*

*hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons – helaas! – verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: “En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie” (Ps 143:2).*

*Heb 11:7; Efes 2:8; 2 Kor 5:19; 1 Tim 2:6; 1 Joh 2:1; Gen 3:7 (Rom 5:19); Rom 4:6; Hand 4:12; Eseg 36:23, 32; Deut 27:26; Jak 2:10; Ps 143:2; Luk 16:15; Job 1; 1 Kor 4:4; Ps 18:28; Sef 3:11; Heb 10:20*

### **Tema: Alleen Jesus Christus is ons geregtigheid voor God**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met die woorde van artikel 22 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons hoe ons deur die geloof geregverdig word, of anders gesê: hoe God ons deur die geloof in Jesus Christus vryspreek. Ons het al in daardie artikel gesê dat Jesus Christus ons enigste en volmaakte Verlosser is. Ons hoef na niks anders te soek om ons vryspraak te verseker nie. Jesus Christus het heeltemal aan God se regverdige eis voldoen en Hy het in ons naam daaraan voldoen sodat ons nou maar alleen Jesus Christus in die geloof kan omhels en deur die Heilige Gees verseker weet en vertrou dat die prys vir ons verlossing ten volle betaal is.

Broers, susters en kinders, ek is daarvan oortuig dat elke gelowige in hierdie erediens daarmee saamstem en dit ook prontuit kan bely dat Jesus Christus ons enigste en volmaakte Verlosser is. Teoreties aanvaar ons dat God ons alleen op grond van Jesus Christus se werk regverdig verklaar het. Maar vind hierdie belydenis van ons regtig neerslag in die praktyk van ons lewe? Of nog skerper gevra: Ons bely dat Jesus Christus ons enigste en volmaakte Verlosser is, maar glo ons dit regtig?

Baie mense sal redeneer dat as jy bely dat Jesus Christus jou enigste en volmaakte Verlosser is, dan is dit mos logies dat jy dit ook glo. Dit mag so wees. Maar wanneer 'n mens kyk na die praktyk van mense se lewens en jy hoor hulle woorde dan lyk dit asof die belydenis net lippediens is. Hulle sê dat Jesus Christus hulle enigste en volmaakte Verlosser is, maar hulle leef en praat nie so nie. Vra maar vir mense hoekom hulle Bybel lees of bid of erediens bywoon of hoekom hulle nagmaal vier en hulle kinders bring om gedoop te word. Jy kan maar seker wees dat daar mense sal wees wat op hierdie vraag sal antwoord: *Om in die hemel te kom*. Ja, daar is mense wat sal sê dat hulle al hierdie dinge doen om gered te word, om die ewige lewe te verkry of om kinders van God te word.

Omdat ons mense so maklik die dinge onderstebo kan keer en so maklik kan leef en praat asof iets wat ons doen ons vryspraak gaan verseker, is dit nodig dat ons aan die hand van artikel 23 weer teruggaan na die Bybel. Die Heilige Gees wil ons oortuig en dit by ons inprent dat ons vryspraak deur God slegs afhanklik is van Jesus Christus se verdienste wat aan die kruis die hoogtepunt bereik het. Daarom kan en behoort ons lewe en woorde ook daarvan te getuig dat ons bely en glo dat Jesus Christus ons enigste en volmaakte Verlosser is.

In ons kernverse stel Paulus en Dawid dit onder leiding van die Heilige Gees baie duidelik. Dit is nie die mens wat op wetsonderhouding staatmaak wat vrygespreek word nie, maar die mens **wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof** (Romeine 4:5 AFR83). Dawid gaan selfs sover om te sê dat die mens wat buite wetsonderhouding om vrygespreek word, welgeluksalig is. So 'n mens besit rus en kalmte in sy gemoed, want hy weet dat hy nie gestraf sal word vir sy oortredings nie. Hy kom nie onder die oordeel van die regverdige God nie, want Christus

het in sy plek onder die oordeel van God gaan staan. En omdat hy van harte glo dat Christus in sy plek aan God gehoorsaam was, word Christus se gehoorsaamheid syne. Christus se gehoorsaamheid is immers **genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan.**

Nou kan daar gevra word: Hoekom leef en praat ons mense nie dit wat ons so maklik bely nie? Geliefdes, daar is seker 'n klomp faktore of 'n samestelling van 'n klomp faktore wat hier 'n rol speel. Ons noem slegs drie wat 'n rol kan speel. Ons mense sukkel om te begryp dat iets so groot soos vryspraak gratis kan wees. Vir sommige mense is dit net te ongelooflik om te dink dat God 'n mens wat goddeloos en afstootlik geleef het, ja, wat 'n vyand van God was, somer so kan vryspreek en hom behandel asof hy nooit enige sonde gedoen of gehad het nie.

'n Mens sal inderdaad sukkel om te begryp dat God 'n sondaar somer so kan vryspreek as 'n mens die vryspraak losmaak van Jesus Christus. Daarom, geliefdes, moet ons altyd onthou dat God nie somer op 'n dag en so lukraak besluit het dat Hy nou hierdie en daardie mens se sondes gaan vergewe en maak asof hy dit nooit gedoen het nie. Nee, daar is inderdaad 'n rede hoekom God 'n sondaar somer so kan vergewe. Jesus Christus is die rede. Ons bely immers dat die vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil plaasvind. Omdat Jesus Christus in die plek van hierdie en daardie sondaar aan God se regverdige eis voldoen het – volmaak gehoorsaam was aan God en honderd persent volgens sy wet geleef het – vergewe God die sondaar wat in Jesus Christus glo geheel en al.

Vir die mens wat vrygespreek word, is die vryspraak wel gratis, verniet, uit genade, want die mens betaal niks daarvoor nie. Christus het reeds die prys vir ons vryspraak ten volle betaal. Ons sukkel om te begryp dat iets so groot soos die vryspraak gratis kan wees, want in ons daaglikse lewe weet ons en ons leer ons kinders ook dat 'n mens niks verniet kry nie. Jy werk daarvoor of jy betaal daarvoor op die een of ander wyse. Mag die Heilige Gees elkeen van God se kinders daarvan oortuig dat ons niks hoef te betaal of te doen vir die vryspraak wat die Vader vir elkeen van sy kinders uit genade gee nie.

'n Tweede faktor wat 'n rol speel, is dat ons mense nie wil aanvaar dat ons niks goeds kan doen nie. Die mens en veral die onafhanklike mens van die een-en-twintigste eeu wil nie insien dat hy van nature sleg en boos is nie. Mense sê mos maklik daar is iets goeds in elke mens so asof daardie mens self verantwoordelik is vir wat sogenaamd goed in hom is. Mag die Heilige Gees daarom elke kind van God daarvan oortuig dat hy in werklikheid in God se oë lyk soos die mens wat Paulus in Romeine 1:18 tot 3:20 beskryf. Die mens is uit homself 'n totaal ellendige en armsalige skepsel. Ons is soos babatjies wat niks vir onself kan doen nie en 'n keel opsit wanneer ons nie ons sin kry nie. Dit is net onself wat ons wysmaak dat ons tog nie so sleg is nie. Die waarheid is egter: Niks wat ons uit ons eie doen kan goed wees nie. Daarom is ons vir ons verlossing en die vryspraak deur God alleen van God afhanklik.

'n Derde faktor wat 'n rol speel, is nou verwant aan hierdie tweede een. Mense dink graag dat hulle darem eers iets moet doen om vir God aanvaarbaar te word. Ons redeneer so, want ons bekyk die vryspraak en verlossing vanuit die mens se oogpunt en hoe ons teenoor ander mense optree. Mense aanvaar mekaar nie somer van die eerste ontmoeting af nie. Niemand van ons sal somer enigiemand van die straat af in sy huis ontvang nie. Ons beoordeel eers die ander persoon en verwag dat hy eers iets moet doen of sê wat hom aanvaarbaar sal maak vir ons. By God werk dit egter nie so nie. As Hy eers moes wag totdat ons iets gedoen het wat ons vir Hom aanvaarbaar maak, sou geen mens vrygespreek kon word nie.

Dit is so dat baie mense, ook ongelowige mense, in mense se oë goeie dinge kan doen. Daar is mense wat onbaatsugtig is en ander mense graag help. Paulus erken dat Abraham ook goeie dinge

gedoen het en voor die mense sou hy daarop kon roem. Maar by God kon hy nie daarop roem nie, want God neem niks wat jy doen of gedoen het of sal doen in aanmerking voordat Hy jou vrysprek nie. Die mens kan homself dus nie aanvaarbaar vir God maak nie, want selfs die allerbeste werke van die mens is nog met sonde besmet en niks meer werd as vodde nie.

Daarom bely ons **dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil** en dat ons slegs deur Jesus Christus voor God geregverdig is. As dit kom by die verlossing en vryspraak van mense, is ons Drie-enige God die enigste wat aan die werk is. Die Vader gee sy enigste Seun, Jesus Christus, aan ons oor. Hy laat Hom mens word. Ons Verlosser is volmaak en in elke opsig gehoorsaam aan sy Vader. Jesus Christus kon op aarde volmaak gehoorsaam wees aan die Vader, want Hy het absoluut geen sonde gehad nie, nie eers 'n sondige natuur nie.

Uiteindelik het sy gehoorsaamheid Hom by Golgota gebring. Aan die kruis het Hy volmaak aan God se regverdige eis voldoen. God se regverdige eis is dat die sonde met die dood gestraf moet word. Omdat Jesus Christus ons sondes op Hom geneem het, het Hy met sy lewe vir ons sondes geboet. As bewys dat die prys ten volle betaal is en alles volbring is, het die Vader sy Seun uit die dood opgewek. Daarom bely ons dat Jesus Christus ons geregtigheid voor God is. Sonder Hom en buite Hom kan ons nie voor God verskyn nie. As ons sonder Christus voor God verskyn, sal ons inderdaad deur God se toorn verteer word.

As God 'n mens dan op grond van Jesus Christus se verdienste vrysprek, stel Hy geen voorwaardes aan die mens om vrygesprek te word nie. Selfs nie eers die geloof in Jesus Christus is 'n voorwaarde vir die mens om vrygesprek te word nie. Die Here verwag nie dat die mens uit homself geloof moet voortbring sodat Hy hom kan vrysprek nie. Die mens kan nie uit sy eie glo nie.

Natuurlik kan 'n mens net deur die ware geloof in Jesus Christus die vryspraak van God ontvang. As die tronkbewaarder in Filippi vir Paulus en Silas vra wat hy moet doen om gered te word, antwoord hulle hom:

**Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word.** (Handelinge 16:31 AFR83)

Luister weer hoe ons dit sê: *Deur die ware geloof ontvang ons die vryspraak.* Geloof is dus nie 'n kreatiewe daad van die mens nie maar wel 'n reseptiewe daad van die mens – 'n ontvang-en-aanneem-daad van die mens. Die Heilige Gees wek hierdie ware geloof in die hart van die mens op met die Woord van God sodat hy met geloofsore kan begin hoor wat Christus vir Hom gedoen het en dat God dit vir hom gee en dat hy dit met die geloofs-hande as sy eie kan aanvaar.

Geloof is dus inderwaarheid die oop hand wat die Heilige Gees aan elke uitverkore kind van God gee waarin God die verdienste van Jesus Christus vir ons neersit. En dan maak die Heilige Gees die mens gewillig om hierdie verdienste van Jesus Christus in die geloof te aanvaar. Die Heilige Gees lei die uitverkore mens om verseker te weet dat Jesus Christus vir sondaars gesterf het en vas te vertrou dat Jesus Christus ook vir sy sondes ten volle betaal het.

Daarom sê Paulus en Dawid dat God die mens vrysprek buite wetsonderhouding om en sonder wetsonderhouding. As Abraham die vryspraak en die belofte om die wêreld te besit deur middel van wetsonderhouding sou verkry het, was die vryspraak en belofte Abraham se verdiende loon. Hy het dan daarvoor gewerk en daarvoor betaal met sy gehoorsaamheid aan die wet. Maar, so betoog Paulus in die brief aan die Galasiërs, God het die wet eers vier honderd en dertig jaar na Abraham op Sinai gegee. Dus kan die gehoorsaamheid aan die wet van die Here nie iets bydra tot 'n mens se vryspraak nie.

Broers, susters en kinders, daarom kan niemand tot vandag toe daarop staatmaak dat

hy met sy gehoorsaamheid aan die wet sy vrypraak deur God verseker het nie. Gehoorsaamheid aan die wet sal nie 'n krieseltjie tot 'n mens se verlossing en vrypraak bydra nie.

Die besnydenis as teken van die verbond het ook nie een Jood aanvaarbaar gemaak by God nie. Daarom kon geen Jood daarop aanspraak maak dat hy vrygespreek is omdat hy besny is nie. Die Heilige Gees maak dit immers vir ons duidelik dat Abraham vrygespreek is voordat hy besny is. Die besnydenis is die seël of waarborg wat bewys dat God hom vrygespreek het deur middel van die geloof toe hy nog nie besny was nie.

So kan ons ook nie die doop as voorwaarde stel waaraan ons moet voldoen om by God aanvaarbaar te wees nie. Hierdie sakrament is die teken en seël wat bewys dat God mense vryspreek deur middel van die geloof in Jesus Christus alleen. Slegs Christus en sy verdienste is die rede waarom God mense vryspreek.

Geliefdes, omdat ons deur die krag van die Heilige Gees aan hierdie grondslag van ons saligheid kan vashou, kan ons ook leef en praat soos mense wat waarlik glo dat Jesus Christus hulle enigste en volmaakte Verlosser is. Met ons hele lewe gee ons aan God al die eer. As Hy nie gedoen het wat Hy deur Jesus Christus en die Heilige Gees met ons gedoen het nie, was ons vandag nie gelowiges nie. Daarom bly ons alle liefde en eer en dank aan God verskuldig.

Aangesien ons totaal hulpeloos en ellendig is wanneer dit kom by ons verlossing en vryspraak, verneder ons onself voor God. Hy alleen is almagtig, genadig, wys en trou. Net Hy waarborg ons vryspraak. En omdat ons nie in onself of in ons verdienste kan roem nie, maak ons staat en steun op die gekruisigde Christus se gehoorsaamheid alleen. Net op grond van Christus se gehoorsaamheid wat Hy tot in die dood aan God bewys het, kan ons voor God verskyn.

En hierdie gehoorsaamheid van Christus is so volmaak en genoegsaam dat ons deur die Heilige Gees verseker kan weet en vertrou dat al ons ongeregtighede voor God daarmee bedek word. Wanneer God na ons kyk, sien Hy nie ons sondes raak nie maar Jesus Christus se gehoorsaamheid op grond waarvan daardie sondes vergewe is. Omdat Christus se gehoorsaamheid genoegsaam is, is ons gewete ook vry van vrees, verbystering en skrik. Ons is nie bang om voor God te verskyn nie, want ons verskyn saam met Christus voor Hom en Christus se gehoorsaamheid aan God se wil is volmaak.

Daarom hardloop ons nie vreesbevange weg van God af as ons sonde gedoen het nie. Ons kom ook nie fluit-fluit na God toe asof niks fout is nie. Ons kom in skaamte na God toe omdat ons sy liefde vir ons met soveel minagting beantwoord het toe ons sonde gedoen het. En ons kom met vrymoedigheid, want Jesus het juis deur sy liggaam en bloed vir ons die pad na God toe oopgemaak om saam met Hom weer voor God te verskyn.

Geliefdes, mag die Heilige Gees elkeen van ons se geloof so met die Woord van God versterk en onderhou dat ons dag vir dag meer en meer vir Jesus Christus en al sy verdienste in die geloof kan omhels. Dan sal ons belydenis dat Jesus Christus ons enigste en volmaakte Verlosser is nie net lippediens wees nie. Ons geloof in Hom sal dan ons lewenswyse word vir almal om te sien sodat hulle God kan verheerlik.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?  
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,  
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
17 Februarie 2013